# GESKIEDENISKOMPETISIE VAN DIE JEUGRAAD VAN DIE F A K

Die 1984-Geskiedeniskompetisie is deur die **Hoërskool Hercules** in Pretoria gewen. Die onderwerp was **Die verwesenliking van die Afrikaner se vryheidstrewe.** Die spanlede wat vir die lofwaardige produk verantwoordelik was, was:

Jienie Odendaal
Danie van Niekerk
Ria Smit
Elize Prinsloo
Gustav Schultz.

**Gister en Vandag** wil graag dié leerlinge met hul mooi poging geluk wens. In dieselfde asem wil ons ook die naam van hul onderwyseres, mev. Frieda Sonnekus, noem. Ons stuur vir elke spanlid 'n komplimentêre uitgawe van ons Tydskrif.

Hul opstel lees soos volg:

# DIE VERWESENLIKING VAN DIE AFRIKANER SE VRYHEIDSTREWE

Konfrontasie in die driehoeksverhouding tussen die Afrikaners, Britte en Swartes in Suid-Afrika vorm die kern van die Afrikaner se vryheidstrewe sedert die begin van die 19de eeu. Voor die tyd is die vryheidstrewe van die koloniste gekoppel aan die koloniale tydperk. Daarna aan Britse imperialisme, 'n proses waaruit 'n Afrikanervolk en Afrikanernasionalisme ontwikkel het.

Die stryd tussen die Afrikaners en die Britte is op 'n konstitusionele wyse besleg. In die proses het die Blankes, onder leiding van die Afrikaners, nader aan mekaar beweeg. Die stryd tussen die Blankes en Swartes vorm vandag die fokuspunt in die Afrikaner se vryheidstrewe. Hierin maak die konfrontasiebeleid van die 19de eeu plek vir 'n konsensusbeleid waarin die Afrikaners die leiding neem.

Tradisioneel is die vryheidstrewe van die Afrikaner 'n oorlewingstryd soos duidelik blyk uit sy rol in die Groot Trek, die Vryheidsoorloë, die Rebellie en die stryd om konstitusionele onafhanklikheid. In hierdie proses is oor die taalgrens gegaan. In die huidige oorlewingsfase word oor die kleurgrens gegaan.

Die Afrikanervolk het ontwikkel uit Wes-Europeërs, uit "koloniste", "Grens-Boeren", "reizigers", "uitgeweekenen", "landverhuizers", "Trekmenschen", "Rebels", "Trek Boers", "Emigranten", "Voortrekkers", "Boere", "Burgers" — 'n groep mense wat verskillende name genoem is, maar wat 'n vryheidstrewe gehad het al het hul soms in hul ideale verskil. Die Afrikanervolk het ontwikkel uit die denke van Wes-Europa waarin die ideaal van Christelikheid, onafhanklikheid en republikanisme gesetel is. Dit het ontwikkel uit Hendrik Bibault se naïewe: " 'k ben een Africaander" van 1707.

Die Groot Trek was 'n onafhanklikheidsbeweging. Hierdeur is latente nasie-eienskappe soos 'n besef van eie waarde en vasberadenheid, wat gesetel is in 'n sterk Calvinistiese lewensuitkyk, ontwikkel in 'n tyd toe die Oosgrensboere nog nie bewus was van 'n ontwikkelende nasiebewussyn nie. Die imperialistiese Engelse koloniale beleid van denasionalisasie, gebrek aan verteenwoordigende regering en Oosgrensblootstelling wat van 1815 af in die Kaap gevolg is, is deur die grensboere beantwoord met die Groot Trek. Dit was 'n vreedsame antwoord op die stremmende invloed van die Britse regering. By Majuba sou dit 'n Sanna-antwoord wees en op 31 Mei 1961 'n konstitusionele antwoord aan Brittanje.

Die konstitusionele vryheidstrewe van die Trekkers word tydens die Groot Trek tydelik verwesenlik. Die verlies daarvan sou lei tot die bevordering van 'n sterker vryheidstrewe. Met die Groot Trek begin die eerste republikeinse tydperk in Suid-Afrika. Op 2 Desember 1836 word die eerste Voortrekkerregering gevorm as G M Maritz, A H Potgieter, J G S Bronk(h)orst, C J Liebenberg, Pieter Greijling, Daniël Kruger en S Janze van Vuuren vir die eerste keer selfregering in die binneland op hul skouers neem. Op 6 Junie 1837, by "Vet Revie(r)", word die tweede Voortrekkerregering met Piet Retief as

"oppergebieder van onzen vereenigde maatschepy en desen Laagen" gevorm. Die 9 resolusies wat as grondwet dien, vestig selfregering ten noorde van die Oranjerivier. In 1839 stel Jacobus Boshoff 'n grondwet vir die republiek Natalia op en word die Volksraad ingestel. Die volk was die hoogste gesag. In 1840 word die Verenigde Voortrekkerrepubliek gestig en Engeland erken in 1852 en in 1854 die onafhanklikheid van die Boere-republieke.

Die konstitusionele vryheid van die Groot Trek het nog nie nasieskap tot gevolg gehad nie. Teen 1836 verwys die volk na hulself as " 'n Maatschappy" wat by tye "verdeeld", "vereniged" of "erg verdeeld" is.

Die geografiese vryheidstrewe van die Groot Trek eindig soms tragies. Piet Retief en sy mede-onderhandelaars en die vrouens en kinders by Bloukrans, Boesmanspruit en Moordspruit betaal daarvoor met hul lewens. Soms lei dit tot onderhandelinge met ander volke, soms lei dit tot konfrontasie met die Swartes en Brittanje en soms lei dit tot oorloë.

Sodra die Trekkers se grondbesit aangetas word soos in Natal, die Vrystaat en Transvaal of sodra die diamantvelde geannekseer word, staan die Trekkers saam. Dit lei tot Congella en Boomplaats maar ook tot die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme.

Konfrontasie wat op oorlog uitloop, smee die Trekkers saam soos die konfrontasie met Swartes in die Vrystaat wat op die Basoeto-oorloë uitloop. 'n Nasiebewussyn ontwikkel onder die Trekkers in die proses maar sodra die gevaar afneem, verminder die samehorigheidsgevoel. Dieselfde gebeur in die stryd teen Britse imperialisme.

Die verskillende uiteenlopende oogmerke van die Trekleiers werk stremmend in op die vryheidstrewe. Persoonlike twis soos tussen Pretorius en Potgieter, strem die stigting van 'n eenheidstaat soos beoog met die Groot Trek.

Tradisioneel probeer die Afrikaners vreedsame oplossings vind vir die probleme wat hul vryheidstrewe strem. Toe tydelike verset egter teen die Britse imperialisme in die ZAR in 1877 onsuksesvol is, volg Wonderfontein, Kleinfontein, Paardekraal, want die Transvalers sê: "Dat vrije volk zijn wij" en dié vryheid word met wapengeweld verdedig op 27 Februarie en 6 Maart 1881. Die vryheidstrewe van die ZAR word na 1884, behalwe vir die verbod op buitelandse verdrae (uitgesonderd die Oranje-Vrystaat en sekere Swart stamme), tydelik verwesenlik. Die vryheidsideaal raak gevestig en Afrikanernasionalisme groei ná die Eerste Vryheidsoorlog.

Die Eerste Vryheidsoorlog was 'n selfbevrydingsoorlog sonder die hulp van ander state. Die hulp wat die Vrystaat en die Kaapkolonie aan die ZAR gegee het, was nie-amptelik. Hierdie hulp was die gevolg van meegevoel en 'n bewys van die samehorigheid tussen die Afrikaners wat alreeds oor grense gaan. Die Kaapse rebelle trek petisies op teen die oorlog, die Afrikaanse taal begin ontwikkel. Die militêre stryd en die kultuurstryd loop nou saam in die nasionale bewussyn-ontwikkeling van die Afrikaner.

Die Tweede Vryheidsoorlog breek die grense tussen Transvaal, die Vrystaat, die Kaapkolonie en Natal. Die isolasie van die Afrikaners word verbreek. Die Afrikaners word deur hul vryheidstrewe nader aan mekaar gebring. Daar word ook 'n duidelike onderskeid gemaak tussen Afrikaners en hensoppers.

In die proses van die Tweede Vryheidsoorlog word offers gebring: konsentrasiekampe, 27 927 sterftes in dié kampe waarvan 22 074 kinders onder 16 jaar was; verwydering van vrouens en kinders van plase; krygsgevangenekampe; verbranding en verwoesting van landerye, huise en bestaansmiddele; dryfjagte. Die verskroeideaardebeleid strem die verwesenliking van die vryheidsideaal maar Afrikanernasionalisme ontwikkel deur die wil van die Afrikaners om as volk voort te bestaan.

Die Boereveggeneraals vestig die vryheidstrewe met die wapen: genls. Christiaan de Wet, Beyers, Kemp en dié wat later op konstitusionele vlak met verskillende ideale die proses sou voortsit: genls. Louis Botha, J B M Hertzog, J C Smuts. Die oorlog eindig op 31 Mei 1902 as die Boeregeneraals met die verstand en nie met die hart nie die Afrikaners se politieke vryheid wegteken.

Die Afrikaners kon as gevolg van hul getalle en hul isolasie nie die stryd teen Brittanje wen nie maar die stryd wat na verwagting 3 maande sou duur, is deur verbete Afrikaners na 3 jaar geneem. Die Vrede van Vereeniging is 'n onderhandelde vrede — nie 'n onvoorwaardelike vrede nie.

Op 10 Mei 1910 word die staatkundige eenheid herstel wat deur die Groot Trek teweeggebring is. Die Britse oppergesag word in Suid-Afrika herstel. Binnelandse vryheid word verkry maar buitelandse vryheid word beperk. Die Afrikaners neem die leiding in die vestiging van 'n konstitusionele bestel. Die eerste drie eerste ministers van die Unie van Suid-Afrika: genls. Louis Botha, J C Smuts en J B M Hertzog is Boere-generaals uit die Tweede Vryheidsoorlog. Tot 1984 is al die eerste ministers Afrikaners.

Die Afrikanerleiers het dit in 1902 voorop gestel dat Afrikanerskap behoue moet bly. Lojaliteit teenoor Engeland lei tot twis tussen Afrikaner politieke leiers wat saam die stryd teen Britse imperialisme gevoer het en saam by die Vrede van Vereeniging was. Dit lei tot gewapende opstand teen die regering van genl. Botha en die Rebellie van 1914 waar Afrikaners teen Afrikaners veg om 'n verskil in vryheidstrewe: aan die een kant 'n poging om Afrikaner en Engelsman te versoen en aan die ander kant 'n poging om republikeinse vryheid terug te kry. Rebellie-offers word gebring: genls. Beyers en De la Rey, Jopie Fourie en 190 rebelle sterf.

Die Rebellie is 'n vryheidsuiting en 'n poging om die republikeinse vryheid terug te wen. Dit is die begin van 'n hernieude republikeinse strewe wat aanleiding tot die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme gee, maar wat ook lei tot verdeeldheid onder die Afrikaners.

Die politieke breuk tussen die Afrikaners word groter. Hertzog neem die geleentheid te baat om "Suid-Afrika eerste" en Afrikanernasionalisme te bevorder en dit deur te werk op die politieke terrein. Afrikaners word bymekaargebring: die Helpmekaarfonds word in 1917 gestig om mede-Afrikaners finansieel te help; 'n vroue-optog vind in Pretoria plaas as protes teen genl. De Wet se aanhouding in die tronk. Genls. Botha en Smuts word deur 'n deel van die Afrikaners as handlangers van Brittanje en verraaiers van die Afrikaners gesien, faktore wat die vryheidstrewe nuwe momentum gee.

Met die Statuut van Westminster word 'n nuwe tydvak in die konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika ingelui, Suid-Afrika se buitelandse vryheid word deur Engeland erken. Namate Hertzog se invloed na 1924 op die Suid-Afrikaanse politiek groter word, kry die pogings tot die verwesenliking van sy konstitusionele vryheidstrewe groter momentum.

Die vryheidstrewe verskuif na soewereine onafhanklikheid vir die Unie van Suid-Afrika binne die Britse Statebond en die wetlike erkenning daarvan deur Engeland. Die vryheidstrewe bly steeds gekoppel aan

Engeland. Die Statebondskonferensies van 1926, 1929 en 1930 en die Balfourverklaring lei tot die Statuut van Westminster.

Die Statuut van Westminster oefen invloed ten goede uit op die status van die ander Statebondslande en Hertzog kry volle erkenning daarvoor. Die Statuut van Westminster gee aan Suid-Afrika konstitusionele selfvertroue wat inwerk op die ontplooiing van Afrikanernasionalisme in nasionale simbole en die erkenning van Afrikaans as amptelike taal. Met die verkiesing van 1929 behaal die Nasionale Party 'n volstrekte meerderheid in die Volksraad.

Met republiekwording op 31 Mei 1961 het die Afrikânervryheidstrewe oor Britse imperialisme getriomfeer. Die republikeinse ideaal wat met die Rebellie van 1914 herleef het en wat in 1917 in die grondbeginsels van die Nasionale Party opgeneem is, is bereik. Die bereiking van die ideaal het oor die taalgrens gegaan en Engelse ook ingesluit.

Met republiekwording is die tradisionele regeringsvorm herstel in Suid-Afrika. Die republikeinse vryheidstrewe word gekoppel aan politieke partye. Dit is die eindproduk van 'n politieke proses wat tussen 1928 tot 1933 aktief opgevlam het deur die stigting van 'n Republikeinse Bond in die Nasionale Party. Dr. D F Malan breek weg van generaal Herzog saam met onder meer J G Strijdom, dr. N J van der Merwe en C R Swart. Hulle beywer hulle vir die verwesenliking van die republikeinse vryheidstrewe langs 'n konstitusionele weg.

Die Nasionale Party wat in 1948 aan bewind gekom het, moes seker maak dat die Engelse Suid-Afrikaners nie afgeskrik sou word deur die republikeinse regeringsvorm nie. Die proses word geleidelik in werking gestel deur die losmaak van bande met Engeland waarin dr. Malan en J G Strijdom 'n leidende aandeel neem.

Met die bewindsaanvaarding van dr. Verwoerd was daar reeds 'n samehorigheidsgevoel tussen die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners en die Engelssprekende Suid-Afrikaners; hulle was reeds verenig deur een burgerskap, een vlag en een volkslied. Met die 1960-referendum het 850 458 Blanke Suid-Afrikaners daarvoor gestem en 775 878 daarteen. Die meerderheid was klein maar na republiekwording toe binnelandse en buitelandse druk uitgeoefen word, bring dit die groepe nader aan mekaar. Sterk politieke leiers soos Verwoerd, Vorster en P W Botha het Suid-Afrikaners bymekaar gebring, aangevuur deur die Afrikaners se vryheidstrewe, Afrikanernasionalisme en die leiersrol van die Afrikaner. Swart Afrika het Suid-Afrika uit die Statebond gedryf en Engelssprekendes gedwing om hulle by Afrikaners in te skakel.

Deur die druk van Afrika raak Suid-Afrika al hoe meer geïsoleerd. Na 1974 is Suid-Afrika omring deur Marxistiese frontstate. Suid-Afrika word op sy grense en binne sy grense deur kommunisme bedreig. Van Britse imperialisme skuif die konfrontasiepunt na Afrika-bedreiging en kommunisme. Konfrontasie skuif na konsensus. Hierin speel Suid-Afrika se tradisionele onderhandelingspolitiek 'n belangrike rol. Op 16 Maart 1984 met die Verdrag van Nkomati, tree 'n realistiese era in die Afrikapolitiek in.

Suid-Afrika is 'n veelvolkige land waarin die vier bevolkingsgroepe se vryheidstrewe en politieke aspirasies verskil. Die Blankes het politieke vryheid langs 'n konstitusionele weg verkry. Die Swartes het dit op 'n ordelike wyse in hul tradisionele geografiese gebiede gekry waarvan Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei onafhanklik is en die onafhanklike Swart state vorm. Die ander is selfregerende nasionale state.

Die 1983-grondwet bied die geleentheid aan Kleurlinge en Indiërs om deel van die parlement te vorm en 'n inspraak in die regering te kry.

In die proses van die erkenning van die politieke regte aan die ander bevolkingsgroepe, wat die gevolg van onderhandelingspolitiek is, het die Afrikaner ingeboet op sy vryheidstrewe maar lei dit tot 'n verbreding daarvan. Hierdeur kan groter vryheid bekom word deur die verbreking van isolasie. Hierdie verbreding sal in die toekoms verder gevoer moet word om die Swart stedeling in te sluit.

Die Afrikaner het tot hier 'n sleutelrol gespeel in die geskiedenis van die land. Die Afrikaner is in Suid-Afrika om te bly en sal 'n beleid van beperkte vryheid ter wille van voortbestaan moet volg. In hierdie proses moet Afrikaneridentiteit tot elke prys behoue bly.

Om die toekoms te oorleef, sal meer wagmoed kos as wat vir òf die Groot Trek òf die Vryheidsoorloë òf die Rebellie òf die konstitusionele stryd nodig was. As jong Suid-Afrikaners aanvaar ons die uitdaging. Al twyfel ons soms, weet ons, ons toekoms lê hier en stem ons saam met die Eerste Minister mnr. P W Botha, wat op 14 Junie 1984 na sy Europese reis gesê het: "Suid-Afrika en sy bevolkingsgroepe het 'n toekoms."

**BRONNELYS**


Pakenham, Thomas: *Die Boere-oorlog*. Jonathan Ball Uitgewers, Braamfontein. 1981.

Scholtz, G D: *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*. Deel I, Voortrekkerpers, Johannesburg. 1967.

Van Jaarsveld, F A: *Geskiedkundige Verkennings*. J L van Schaik (Edms) Bpk., Pretoria, 1974.

Van Schoor, M C E en Van Rooyen, Jan J: *Republieke en Republikeine*. Nasionale Boekhandel Bpk. Kaapstad. 1960.

Van Jaarsveld, F A: *Wie en wat is die Afrikaner*. Tafelberg Uitgewers Bpk., Kaapstad. 1981.

Muller C F J (red.): *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*. Academica, Pretoria en Kaapstad. 1972.

Van Jaarsveld, F A (red.): *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis 1648-1961*. Nasou Beperk, Goodwood, 1972.


'n Gemeenskap sonder 'n gevoel vir geskiedenis, sonder die stabiliteit van tradisie, die mens met 'n a-historise identiteit wat net leef vir die onmiddellike van die huidige moment — as bogaande menslik moontlik is, dan beteken dit dat ons . . .die dood van die geheue vier, en erger, die van alle hoop.

*Breyten Breytenbach.*